View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# AGTERGROND, PERSOONLIKHEID EN EKONOMIESE DENKE.

Dit is die bedoeling om hier, in 'n baie kort bestek en slegs in hooftrekke, aan te toon dat die ekonomiese denke onafskeidbaar verbonde is aan die persoonlikheid en agtergrond van die ekonoom.

Om hierin te slaag is dit egter nodig om 'n mate van ooreenstemming oor die begrip persoonlikheid te kry. Ongelukkig is daar geen algemeen aanvaarbare definisie van persoonlikheid nie en moet ons tevrede wees met 'n min of meer omvattende en oppervlakkige definisie, soos bv. dié gegee deur Allport [1]).

Hy definieer persoonlikheid as die dinamiese organisasie van die psigofisiese stelsels binne die mens wat sy unieke aanpassing by sy omgewing bepaal. Hierdie definisie het sekerlik gebreke maar indien „psigofisies" in die breedste betekenis van die woord opgeneem word, behoort dit diens te kan doen vir die verdere betoog.

Uit hierdie definisie kan dan afgelei word dat persoonlikheid die een mens van die ander onderskei, o.a. in die wyse waarop die mens hom by sy omgewing aanpas, a.g.v. sy eie (unieke) psigofisiese eienskappe. Persoonlikheid is dus meer as karakter, meer as temperament en meer as aanleg. Die persoonlikheid kom duideliker op die voorgrond as gevolg van veranderde omstandighede waarby die indiwidu hom moet aanpas of nie aanpas nie. Mede as gevolg hiervan ontwikkel die persoonlikheid met verloop van tyd soos die begrip „dinamies" in die definisie dan ook aandui. Hierdie ontwikkeling is soms so merkbaar dat dit aan 'n verandering van die persoonlikheid grens.

Wat is dan die psigofisiese eienskappe wat die persoonlikheid bepaal? Sonder om op volledigheid aanspraak te maak kan ons die volgende belangrike aspekte onderskei: Biologiese, fisiologiese en anatomiese eienskappe, intelektuele vermoë en opvoedkundige prestasie, aanleg, bekwaamheid, vaardigheid, begaafdheid, gewoontes, aard, temperament, maniere, motiewe, ens. Dit gaan egter nie bloot om hierdie psigofisiese eienskappe nie maar om die organisasie daarvan, d.w.s. om die onderlinge verband daartussen. Wat meer is, die eienskappe oorvleuel mekaar, wat daarop dui dat die persoonlikheid 'n eenheid is wat nie in afsonderlike kompartemente ingedeel kan word nie.

Die vraag kom nou op wat dan die dinamiese organisasie van die psigofisiese stelsels van die indiwidu bepaal. Die belangrikste faktor hier is waarskynlik die persoonlike historiese agtergrond van die indiwidu, d.w.s. dié aspekte van sy voorgeskiedenis wat 'n invloed op sy sielelewe het — hetsy bewustelik of onderbewustelik. Hierbenewens word 'n direkte invloed, wat miskien minder sterk is, ook uitgeoefen

1) Allport, G. W., 1937, Personality: A Psychological Interpretation, p. 48.

deur die algemene kultuur-historiese agtergrond, d.w.s. die algemene historiese feite wat 'n invloed op die sielelewe van die indiwidu het — hier ook weer bewustelik sowel as onderbewustelik. Afgesien hiervan het die algemene kultuurhistoriese agtergrond ook nog soms 'n direkte invloed op die persoonlik-historiese agtergrond en daardeur dus 'n indirekte invloed op die psigofisiese stelsels van die indiwidu.

Die persoonlikheid kom egter o.a. tot uitdrukking in die wyse waarop die indiwidu hom by sy omgewing aanpas of nie aanpas nie. Die omgewing word bepaal deur die verskillende agtergrondsfaktore, sowel indiwidualisties as algemeen kultuurhistories. Faktore wat egter geen invloed op die persoonlikheid uitoefen nie kan nogtans bepalend wees vir die omgewing. Let egter daarop dat wat vandag omgewing is, môre agtergrond sal wees sodat die omgewing — met 'n langer of korter tydsvertraging — medebepalend is vir die ontwikkeling van die persoonlikheid.

Die vraag is nou hoe hierdie aanpassing by die omgewing plaasvind. Die handeling of optrede van die mens, in die breedste betekenis van die woord is die vernaamste aanduiding van sy aanpassing. Hieronder word dan ook o.a. die denke van die mens ingesluit.

Om die argument tot sover op te som kan dus gestel word dat agtergrond medebepalend is vir die persoonlikheid van die mens en dat hierdie persoonlikheid o.a. tot uitdrukking kom in die denke van die indiwidu as een van die middele waarmee vasgestel kan word hoe hy hom by sy omgewing aanpas, of sy omgewing probeer verander.

Die bedoeling is nou om verder aan te toon dat hierdie algemene stelling ook in die besonder vir die ekonomiese denke geld — dat daar dus 'n duidelike verband tussen agtergrond, persoonlikheid en ekonomiese denke bestaan.

Wat dus aangetoon moet word is: Eerstens, dat die agtergrond van die ekonoom sy persoonlikheid, d.w.s. sy dinamiese organisasie van psigofisiese stelsels, medebepaal en tweedens dat die psigofisiese stelsels van die ekonoom, d.w.s. sy persoonlikheid, sy handeling en dus sy denke bepaal, o.a. deur te kyk na sy reaksie op bepaalde omstandighede, d.w.s. sy aanpassing of nie-aanpassing by 'n bepaalde omgewing.

Dat daar wel so 'n verband bestaan kan op 'n konkrete wyse aangetoon word met behulp van 'n aantal voorbeelde uit die geskiedenis van die ekonomiese denke. Die keuse het op die volgende ekonome (in volgorde van behandeling) geval: David Ricardo, Thorstein Veblen, en Karl Marx. Hierdie keuse is willekeurig in die sin dat daar talle ander ekonome is wat ter illustrasie van die argument hier bespreek kan word. Die keuse is egter doelbewus in die sin dat die behandeling van die gekose persone 'n meer sistematiese argument moontlik maak.

In die geval van Ricardo sal in hoofsaak aangetoon word dat sowel indiwiduele as algemene agtergrondsfaktore 'n invloed op sy denke gehad het. By Veblen sal die klem meer val op die rol van die persoonlike agtergrond in die bepaling van sy persoonlikheid en

denke, en by Marx sal die klem weer meer val op die invloed van die algemene kultuurhistoriese agtergrond. Die bedoeling is ook om verder aan te toon dat die denke van die ekonoom nie, buite sy persoonlikheid om, deur die agtergrondsfaktore alleen bepaal word nie. Vir hierdie doel sal in kort na tydgenote van die behandelde ekonome verwys word.

Die prosedure sal telkens wees om 'n skets van die persoonlikheid van die ekonoom te gee met, waar moontlik, verwysing na die agtergrondsfaktore wat in die ontwikkeling van die persoonlikheid 'n rol gespeel het. Daarna sal aangetoon word hoe hierdie persoonlikheid o.a. tot uiting kom in die denke van die ekonoom.

Ten slotte sal 'n poging aangewend word om die belang van die resultate vir ons samelewing en in die besonder vir ons eie universiteit, aan te dui.

**David Ricardo** (1772 - 1823).

David Ricardo is in 1772 gebore maar sy belangstelling in die ekonomiese teorie dateer eers vanaf 1799 en dit is eers agttien jaar later dat hy sy hoofbydrae tot die ekonomiese denke lewer, naamlik sy boek **On the Principles of Political Economy and Taxation** (1817).

Ricardo was van Joodse afkoms en uit 'n geslag wat vir baie jare ondervinding gehad het as sakemanne — eers makelaars in stapelprodukte en later aandelemakelaars. Sy vader het eers op die Amsterdamse Beurs opgetree en daarna op die Londense aandelebeurs. David, wat een van 'n groot aantal kinders was, is deur sy vader opgelei as makelaar. Sy skoolopleiding was gevolglik nie baie lank en deeglik nie, en spesiaal toegespits op sy toekomstige loopbaan.

Dat hy oor 'n redelike sterk intellektuele vermoë en verantwoordelikheidsbesef beskik het blyk duidelik uit die feit dat hy reeds op 14-jarige leeftyd sy vader op die beurs gehelp het. Bowendien het hy 'n besondere aanleg vir syfers en berekeninge getoon wat, tesame met sy begaafdheid as sakeman, daartoe bygedra het dat hy op 42-jarige leeftyd uit die aktiewe sakelewe kon tree, nadat hy vir hom in minder as 21 jaar 'n fortuin versamel het. (Een van die weinige ekonome wat net so goed geweet het om sy eie sake te behartig as hoe ander hulle s'n moes doen).

Hy het bekend gestaan as 'n man wat besonder nugter in sy uitkyk op die lewe was en wat gewoonlik 'n baie gesonde oordeel kon vel. Hy was kalm van geaardheid en het oor 'n geweldige werkkapasiteit beskik.

Die feit dat sy stem hoog en vrouelik was, was waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat hy nie dikwels in die openbaar gepraat het nie, alhoewel hy in sy later lewe as lid van die Britse laerhuis voldoende geleentheid daartoe gehad het. Om hiervoor te kompenseer was sy mening egter altyd goeddeurdag en het dit altyd eerbied afgedwing.

Omdat die sakeman in die tyd van Ricardo, en daarna nog, geen status in die samelewing gehad het nie, het Ricardo sy geld aangewend om vir hom en sy gesin hierdie status te bekom deur die aanskaffing van 'n groot landgoed en deur die „koop" van 'n setel in die laerhuis. Miskien was dit juis sy gesin

wat hom hiertoe gedwing het, want na sy dood het hulle alle inligting aan 'n broer van hom geweier wat van plan was om 'n bibliografie oor hom te skryf, uit vrees dat hulle status daardeur benadeel sou word.

In teenstelling tot sy vader het Ricardo niks aanvaar wat hy nie self uitgeredeneer het nie. Vir sy vader was die Joodse gewoontes en geloof iets wat sonder vraag of beredenering aanvaar moes word. David was egter nie hiertoe bereid nie, en dit het daartoe gelei dat hy op 21-jarige leeftyd sy ouerhuis verlaat en die Christelike geloof aanvaar het — met groot materiële verlies.

Omdat hy besonder goedhartig was — hy het o.a. twee skole en 'n armsorginrigting onderhou — was hy ook algemeen bemin en geag, iets wat vir hom baie beteken het.

Alhoewel hy 'n buitengewoon suksesvolle sakeman was en miskien juis omdat hy tot die loopbaan gedwing was, het hy baie belang gestel in abstrakte redenering en daarvoor ook 'n besondere talent geopenbaar.

Deels a.g.v. sy eie werkkapasiteit en deels a.g.v. die klem wat Adam Smith — wie se **Wealth of Nations** hy bestudeer het — op die arbeid gelê het, het Ricardo veral belang gestel in die arbeider se posisie in die ekonomiese lewe, en dit het hom daartoe gelei om aandag te gee aan die wyse waarop die nasionale inkome van 'n land verdeel word.

Onder welke omstandighede het Ricardo sy bydrae tot die ekonomiese denke gelewer? Die ekonomiese geskiedenis leer dat Ricardo in 'n tyd geleef het toe die Industriële Omwenteling in Engeland reeds goed gevorder was en fabrieke nie meer so seldsaam was nie. Die landbou-arbeidersklas was reeds in drie verbrokkel, t.w. die uitgedunde plaasarbeidersgroep, die steeds groeiende industriële arbeidersgroep en die klein groepie kapitalis-ondernemers. Hierdie groepe, tesame met die groep grondeienaars — die eerstydse leenhere — het almal aanspraak gemaak op 'n aandeel in die nasionale inkome. Die saak is verder bemoeilik deur die feit dat die waarde van geld aan die daal was a.g.v. die groot uitgawes wat vir die Napoleontiese oorloë nodig was. Bowendien het die prys van koring — die stapelvoedsel van die arbeider — ook nog direk gestyg a.g.v. die handelsblokkades waarmee Napoleon Brittanje van die vasteland van Europa wou afsny en wat dus die invoer van koring haas onmoontlik gemaak het. Hierdie styging is verder deur die besonder vinnige groei van die Britse bevolking gestimuleer. Gelyktydig hiermee het die huurgeld van gronde gestyg en is swakker grond in gebruik geneem vir die binnelandse produksie van koring. Die arbeiders en die ondernemers het egter hierdie styging in die prys van die koring grootliks toegeskryf aan die styging van die huurgelde.

Op die filosofiese front was die natuurfilosofie van die Fisiokrate nog redelik sterk op die voorgrond. Bowendien het die leuse van die Franse Rewolusie van gelykheid, vryheid en broederskap nog helder in die ore geklink en was Adam Smith se beskouing oor die rol van die arbeid en

vryhandel in die verkryging van die nasionale inkome nog algemeen bespreek.

Dit was dus die situasie waarby Ricardo hom moes aanpas, en dit is interessant om te sien hoe hy deur middel van sy ekonomiese denke sy gesketste persoonlikheid tot sy reg laat kom.

Ricardo se primêre belangstelling as ekonoom was in die verdedingsleer. Hy wou aantoon dat die arbeiders nie hulle swak ekonomiese toestande aan die groot grondeienaar of aan die optrede van die kapitalis-ondernemer kan wyt nie. Hy toon gevolglik in 'n heeltemal abstrakte redenasie aan wat die aandeel van elkeen van hierdie klasse in die nasionale inkome sal wees — abstrak omdat dit hom in staat stel om uit te styg bo sy tydgenote en omdat hy so 'n groot belangstelling in hierdie vorm van beredening gehad het. In hierdie beskouing is Ricardo geneig tot pessimisme. A.g.v. die industriële omwenteling, waardeur menslike arbeid tot 'n belangrike mate deur die masjien vervang word, sal die aanbod van arbeid waarskynlik altyd die vraag daarna oortref. Die gevolg hiervan sou wees dat die loonpeil van die arbeider nie hoër as die minimum sou styg wat nodig is om hom en sy gesin aan die lewe te hou nie — dit sou egter ook nie laer daal nie, want daarvoor sou die kapitalis-ondernemer sorg aangesien hy die arbeider nodig gehad het. Die idee dat die styging van die koringprys die ellende van die arbeiders sou verhoog is dus nie korrek nie, dit bemoeilik alleen maar die posisie van die kapitalis-ondernemer. Bowendien kon die hoër prys van die koring nie aan die hoër grondhure — dus aan die grondeienaar — toegeskryf word nie. Die hoë hure was die gevolg van die hoër koringpryse en nie die oorsaak nie. Huur is betaal as die verskil tussen swakker en beter tipes grond. In hierdie argument laat Ricardo sy selfstandige, deurdagte, abstrakte redenasievermoë duidelik blyk, veral in die wyse waarop hy die hoër huur verdedig.

Hieruit moet egter nie afgelei word dat Ricardo doelbewus sy eie belange probeer behartig nie. (Hy was toe reeds self grondbesitter). Inteendeel heg hy baie waarde aan die arbeid — miskien juis vanweë sy eie groot arbeidskapasiteit — maar hy voorsien dat in die stryd tussen arbeider en besitter die lg. altyd die oorhand sal kry solank hy die politieke mag in die hande hou.

Dit blyk dus duidelik dat sowel Ricardo se persoonlike as die kultuurhistoriese agtergrond in die denke van hierdie groot ekonoom na vore kom.

Vergelyk nou hiermee Ricardo se tydgenoot, Robert Malthus. Malthus word teenoor dieselfde omgewing geplaas, en tog is sy aanpassing by hierdie omgewing radikaal anders as die van Ricardo. Malthus, wat deur sy vader in 'n akademiese rigting ontwikkel was — hy was 'n opgeleide predikant en die eerste professionele ekonoom — toon baie meer belangstelling vir die feite van die daaglikse lewe as Ricardo, die sakeman.

Malthus se siening van die lewe is net so pessimisties as die van Ricardo en tog kom sy pessimisme in heeltemal

'n ander tema tot uiting. Die bevolking styg vinniger as die voedselvoorrade, die gevolg is dat hongersnood en ellende die bevolkingsaanwas in toom sal moet hou. Die ryk grondeienaar met sy minder kinders is deur Malthus — self nooit 'n ryk man nie — verdedig. Ricardo — self skatryk -- se simpatie lê by die arm arbeider.

Dit is dus sonder meer duidelik dat dit 'n verskil in persoonlikheid is wat hierdie twee tydgenote so verskillend by dieselfde omgewing laat aanpas.

Hierdie argument kan verder gesteun word deur 'n analise van die persoonlikheid en denke van Thorstein Veblen.

**Thorstein Veblen** (1857 - 1929).

Veblem is in 1857 op 'n plaas in Winsconsin, Amerika, gebore. As die seun van 'n boeregesin van Noorweegse afkoms, het hy in Minnesota, in 'n gemeenskap van Noorweegse emigrante, opgegroei. Op 20-jarige leeftyd is hy na Carleton College en hier het sy akademiese loopbaan begin wat voortgesit is aan John Hopkins, Yale en Cornell. Veblen was dosent in die ekonomie, o.a. aan Chicago-, Stanford en Missourie-universiteit. Sy eerste belangstelling was egter in die filosofie en hy het dan ook met 'n briljante proefskrif oor die filosofie van Kant gepromoveer. Dit was egter Bellamy se **Looking Backwards**, tesame met die noodsaaklikheid van 'n verdienste wat hom in die ekonomie laat belangstel het.

Die persoonlikheid van Veblen kan, met verwysing (waar moontlik) na die agtergrondsfaktore waaruit die persoonlikheid voortspruit, as volg opgesom word: 'n Verbitterde, teruggetrokke, afsydige, neurotiese persoon, liggaamlik nie sterk nie, wat homself (miskien doelbewus) onderskat het, wat met 'n verbasende ironie — ja selfs met versteekte sadisme — die erkende instellings van sy tyd kon aanval sonder om egter ooit entoesiasties daaroor te raak, sonder om ooit openlik te veg vir dit wat hy geglo het.

Sommige van sy studente beskryf hom as 'n „queer fish", ander as 'n „disturbing genius".

Hy het dwang — van welke aard ook al — gevrees, selfs eie dwang. Sy teruggetrokkendheid was miskien juis daaraan toe te skryf dat hy bang was om aandag te trek, waardeur 'n bepaalde verwagting van hom gekoester kon word. Waar daar wel verwagtinge van hom gekoester is het hy doelbewus teleurgestel.

Ondanks die onsistematiese uiteensetting van sy werk was Veblen skeppend, en dit veral omdat hy die kuns verstaan het om in 'n situasie te verkeer sonder om deel daarvan te word. Hy was op sy beste wanneer hy die vroulike in die lewe verdedig het, maar was geneig om destruktief te wees wanneer hy hard en manlik wou wees.

Hierdie persoonlikheid kan, tot 'n belangrike mate, verklaar word uit sy agtergrond, persoonlik sowel as kultuurhistories, en het 'n belangrike invloed op sy denke uitgeoefen.

Sy vader was 'n dominerende, vooruitstrewende boer, wat saam met sy moeder baie van die jong Veblen verwag het, in so 'n mate dat hy dit as 'n dwang gevoel het om te presteer. As gevolg

hiervan het hy 'n renons in enige vorm van mag en dwang ontwikkel, 'n soort emosionele opsluitingsvrees. Dit het hom enersyds in reaksie gebring teen sy tyd, waarin die entrepreneurs (die sg. „Captains of industry") die hef in die hande gehad het en andersyds het hy probeer om niemand ooit die geleentheid te gee om enige verwagting van hom te koester nie. Hierdie vrees vir dwang was deurgaans sigbaar in Veblen se denke en optrede, soos blyk uit sy wantroue in pragmatisme, sy ophemeling van die baaslose mense uit die geskiedenis en sy begrip „idle curiosity", d.w.s. die gees van speelse ondersoek, heeltemal onafhanklik van onmiddellike pragmatistiese voordele of noodsaaklikheid. Terloops kan opgemerk word dat hierdie begrip miskien ook 'n reaksie was teen die tydgees — 'n verdediging van sy eie spekulatiewe brein teen die te praktiese, te volwasse mense van sy tyd.

Veblen se vader het egter ook nog 'n ander invloed op hom gehad. Hy het die tegniese effektiwiteit en vooruitstrewendheid van sy vader bewonder en die beeld van sy vader kom later in sy denke in sy **Theory of Business Enterprise** tevoorskyn in die vorm van die tegnokraat wat vir vrede en welvaart kan sorg.

Sy teruggetrokkenheid kan ook gedeeltelik toegeskryf word aan 'n aspek van die lewensfilosofie van sy vader. Veblen snr. het naamlik nooit gepraat as hy nie iets bepaalds te sê gehad het nie. Op sakebesoek in die dorp het hy soms by sy seun verby geloop sonder om 'n woord te sê, bloot omdat hy niks te sê gehad het nie.

Die sagte, vreedsame karakter van sy moeder kom ook tot sy reg in Veblen se doelbewuste strewe tot 'n veroordeling van mededinging, tot 'n ophemeling van samewerking, ook op sakegebied.

Veblen se verbittering het waarskynlik in sy jeugjare reeds begin. Sy vader het naamlik a.g.v. wetlike haarklowery 'n plaas verloor wat hy met moeitevolle arbeid opgebou het. Geen wonder dat hy in sy **Theory of the Leisure Class** uitvaar teen die regsgeleerdes nie en glo dat hulle uitsluitlik besig is met die detail van roofsugtige bedrog.

Sy verbittering het toegeneem omdat hy geen erkenning in die samelewing kon kry nie. Alhoewel hy 'n briljante student in die filosofie was kon hy geen pos as universiteitsdosent in die filosofie bekom nie, omdat aanstellings in hierdie poste kerkisties beheer was. Ook in die ekonomie het hy nooit volledige erkenning ontvang nie, hoofsaaklik omdat sy kollegas hom nie kon begryp nie. Eers op 35-jarige leeftyd het hy sy eerste pos in die ekonomie bekom en hy moes telkens, onder druk, van een betrekking na 'n ander gaan. Voeg hierby dat hy geen liefde vir voorgraadse studente gehad het nie, dan is dit begryplik dat sy kritiek teen die kapitalistiesbeheerde universiteite in **The Higher Learning in America** so vel en verbitterd was.

In die praktyk het hy dan ook die universiteitsowerhede gesaboteer. Omdat hy aan studente 'n simbool moes toeken as aanduiding van hulle prestasie, het hy die beleid gevolg om aan almal 'n C te gee ('n B was skaars voldoende om te slaag).

Hierdie C het egter meer as blote sabotasie beteken. Dit moes ook dien as ontmoediging vir 'n student om bo ander te probeer uitstyg want dit sou van die student 'n dominerende persoon, maak, wat Veblen verafsku het. Dit sou ook die student ontmoedig om lastige vrae te stel, want Veblen het dit gehaat om vrae te beantwoord. Dit sou in alle geval verseker dat hy nie te veel studente sou hê nie en hy het dan ook sy bes — nee amper sy bes — probeer om hulle te ontmoedig deur sy lesings so oninteressant as moontlik voor te dra.

Hy het die aristokrasie, die sakeman, veral die finansier, verafsku. In reaksie op hulle fyn klere het hy altyd van die grofste klere gedra — 'n leerpet en 'n fluweelbroek met sy horlosie aan 'n groot haakspeld op 'n swart lappie op sy bors vasgesteek. Miskien was dit ook om sy fynbesnaarde gees te probeer verberg, of miskien was dit juis 'n innerlike konflik tussen 'n strewe na erkenning en 'n vrees vir die dwang tot die voldoening aan verwagtings indien hy eers erkenning sou ontvang. Teenoor hierdie goedgeklede, maar innerlik verrotte „Captains of Industry" wie se ondernemings in hulle afwesigheid beter floreer as wanneer hulle self teenwoordig is en wat die rykdom van die gemeenskap vermors ten koste van die arbeider, stel hy die ingenieur, die tegnikus, wat tegnies rasioneel optree en sodoende die welvaart van die gemeenskap verhoog.

Veblen was satiries in hierdie kritiek en hy slaag daar besonder goed in omdat hy homself bo sy tyd stel. Dit het hy geleer as immigrante-seun in 'n gemeenskap wat hy nooit heeltemal sy eie gemaak het nie.

Hy was geplaas teenoor die kapitalisme van die laat negentiende begin twintigste eeu en teen hierdie omgewing kom hy in reaksie, 'n reaksie wat in wyse en intensiteit deur sy eie unieke persoonlikheid bepaal was en wat, soos aangetoon, in sy denke tot uiting gekom het.

Veblen se lewe was 'n totale mislukking en tog was daar min ander ekonome wat so 'n eie kleur aan, veral die Amerikaanse, ekonomiese denke gegee het. Hy kan met reg as die vader van die Amerikaanse Institusionalisme beskryf word en moet dus as een van die groot ekonome geklassifiseer word.

Plaas nou hierteenoor die persoonlikheid van J. B. Clark, 'n ander groot Amerikaanse ekonoom. Clark het teenoor dieselfde omgewing as Veblen te staan gekom. Sy aanpassing was egter radikaal anders omdat sy persoonlikheid anders was. Om dieselfde rede was Clark se ekonomiese denke ook anders as die van Veblen.

Clark het in 'n Christelike omgewing opgegroei. Hy was heeltemal gekant teen reaksie. Hy het hom daarop toegelê om die erkende ekonomiese denke aan te suiwer waar nodig maar het in die tipiese abstrakte trant van die Klassieke ekonome voortgegaan. A.g.v. sy besadigdheid, hardwerkendheid en sy Christelike agtergrond het hy algemene erkenning gekry. Hy kon hom tot 'n belangrike mate by die tydgees aanpas, hy kon privaat inisiatief en vryhandel

— die kern van die kapitalisme — vuriglik vededig, en het 'n besondere bydrae gelewer tot die metodologie van die ekonomie.

**Karl Marx (1818 - 1883).**

Karl Marx is in Trievés, Duitsland, gebore op 5 Mei 1818. Sy vader was 'n wetsgeleerde uit die hoér middelstand. Van vader- sowel as moederskant sluit sy voorgeslag Joodse rabbies in, maar reeds toe hy ses jaar oud was het sy gesin die Christelike geloof aanvaar, hoofsaaklik om belemmeringe wat sy vader in sy praktyk ondervind het uit die weg te ruim.

Marx snr. het sy seun op 19-jarige leeftyd na die Universiteit van Bonn gestuur om in die regte te studeer. Hierin het die jong Marx egter geen sin gehad nie, sodat hy die daaropvolgende jaar as student in die filosofie inskryf by die Universiteit van Berlyn. Benewens filosofie bestudeer hy egter ook geskiedenis en, op aandrang van sy vader, regsgeleerdheid. Sy belangstelling was egter hoofsaaklik by die filosofie en hierdie belangstelling het toegeneem namate hy met die (destyds nuwe) filosofie van Hegel kennis gemaak het. In so 'n mate dat sy gesondheid daaronder gely het en dat hy hom vaderlike vermanings op die hals gehaal het.

Hierdie filosofie van Hegel het die persoonlikheid van die donkerkleurige, slordig geklede, wanordelike, sterkgeboude Marx baie sterk beïnvloed. Die dialektiese metode met sy worstelende en antagonistiese elemente wat uiteindelik saamvloei tot 'n sintese wat weer 'n daaropvolgende reaksie tot gevolg het en wat deur middel van hierdie proses van eindelose ewolusie, die bewegende krag agter die ontwikkelende samelewing is, het Marx se verbeelding aangegryp. Ewolusie, desnoods rewolusie, was nodig om van die wêreld 'n beter plek te maak, en hieraan sou Marx uiteindelik sy hele lewe wy.

Eers jare later het die briljante, tydsame, peuterig-presiese perfeksionistiese filosoof sy doktorsgraad behaal, en doen hy aansoek om universiteitsbetrekkings in filosofie aan die Duitse universiteite — egter sonder sukses omdat hy te liberaal was vir die opvattings van sy tyd. 'n Mens kan nie help om te wonder wat die verloop van die geskiedenis sou gewees het as een van hierdie aansoeke suksesvol sou gewees het nie.

Mislukking het Marx verbitter en ook verarm. Hy wend hom nou tot die joernalistiek — deels om 'n verdienste te hê, deels om uiting aan sy persoonlike teleurstelling te gee deur aanvalle op die instellings van sy tyd en deels om sy bydrae te lewer tot die ewolusie van die samelewing. Ook hier is Marx te liberalisties en haal hy hom die ban van die Pruisiese regering op die hals. Marx se belangstelling in die ekonomie was egter geprikkel deur sy verpligtinge as joernalis.

Juis in hierdie moeilike tyd trou hy met Jenny von Westphalen, die dogter van 'n gesiene Pruisiese gesin en vestig hy hom in Parys as redakteur van die Liberale Frans-Duitse Jaarboeke. Die lang arm van die Pruisiese regering bereik hom egter selfs hier en hy moes verhuis na Brussel. Met sy verblyf in

Parys maak hy egter kennis met Friedrich Engels — 'n landgenoot en mede-sosialis — wat sy lewe wenselik beïnvloed. In Brussel gee hy heelwat aandag aan 'n studie van die ekonomie.

In hierdie tyd — a.g.v. sy eie ondervinding en a.g.v. die swak toestande waarin die groot massas in die verskillende lande verkeer het — word die drang tot hervorming vir hom te sterk en publiseer hy, in samewerking met Engels, die — vandag algemeen berugte (of beroemde) — Kommunistiese Manifes. Die klimaks van hierdie rewolusionistiese neigings van Marx word bereik toe hy in 1848 weer na Duitsland gaan, hierdie keer om leiding in die rewolusie van daardie jaar te neem. Die rewolusie was egter onsuksesvol en 'n teleurgestelde Marx moes vlug na Engeland. Die res van sy lewe slyt hy in die uiterste armoede in Londen, waar hy en sy gesin deur die gunste en gawes van Engels aan die lewe gehou word.

Hier maak Marx kennis met die middel-negentiende-eeuse kapitalisme in sy florerendste vorm. Die invloed van die industriële omwenteling is nou reeds duidelik sigbaar in die opkoms van 'n sterk kapitalistiese klas aan die een kant en aan die ellende en armoede van die ongeorganiseerde arbeidersklasse in die fabrieke en myne aan die ander kant.

Teen hierdie omgewing en met die gesketste persoonlikheid moet Marx se ekonomiese denke gesien word.

Geen wonder dan dat die hooftema van Marx se **Das Kapital**, waarvan die eerste volume in 1867 verskyn, was dat die arbeider deur die kapitalis uitgebuit word nie. In dié verband bou hy voort op die arbeidswaardeleer van Ricardo. Hy toon egter aan dat hierdie toestand onhoudbaar is en dat die vernietiging van die kapitalisme juis hierin opgesluit is. In hierdie poging gee hy 'n materialistiese interpretasie van die geskiedenis. Die ekonomiese faktore bepaal die hele lewe, en ekonomiese faktore sou ook verantwoordelik wees vir die vernietiging van die kapitalistiese struktuur.

Marx het sy sosialistiese teorie tot die massa gerig, en al het hy waarskynlik so iets baie gouer verwag, moet sy denke as een van die direkte oorsake van die Kommunistiese Rewolusie van 1917 gesien word.

Met die uitsondering van Ricardo miskien, was Marx seker die oorspronklikste, skerpsinnigste denker in die geskiedenis van die ekonomiese denke.

Hiermee is die stelling, aan die begin van die lesing gemaak, waarskynlik voldoende toegelig. Dit is egter noodsaaklik om te kyk wat hieruit van praktiese waarde afgelei kan word. Seker die belangrikste gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat elke Universiteit, by die opleiding van ekonome ook moet help met die ontwikkeling van die persoonlikheid van die toekomstige ekonoom, want daardeur kan sy later denke en optrede tot 'n belangrike mate beïnvloed word. Hier aan die P.U. het ons 'n nog duideliker taak, naamlik om die Christelike beginsels van hierdie Universiteit deel van die persoonlikheid van onsself en ons studente te maak, want alleen dan kan ons verwag om suksesvol te wees in die uitbouing van 'n Christelik-normatiewe ekonomie in

ons land en aan ons Universiteit.

Daar is vandag slegs een ekonoom, sover my bekend, wat die uitbouing van 'n Christelike ekonomie sy lewenstaak gemaak het en dit is prof. T. P. van der Kooy van die Vrije Universiteit, Amsterdam. Alhoewel prof. V.d. Kooy skitterende werk lewer is daar eintlik 'n feitlik onbeperkte geleentheid vir jong ekonome om hulle lewe aan hierdie taak te wy. Die agtergrond van die ekonoom wat hier gevorm word sal onafskeidbaar aan sy persoonlikheid en aan sy denke verbonde wees. Die boom sal aan sy vrugte geken word.

P.U. vir C.H.O. F. J. DU PLESSIS.